

DIE SKIETLOOD



SKIETLOOD: 83e Uitgawe 25 Maart 2016
saam met Koersvas 83

Ons leer in die belydenisskrifte dat die Bybel ons alles leer wat ons nodig het vir ons saligheid. (*Lees NGB Artikel 7 : Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word.*) God se volledige reddingsplan is in die Bybel onder woorde gebring. Die Bybel leer ons ook wie God is. Die Bybel en daarom menslike verstaan van Goddelike openbaring is beperk, al handel die Bybel en Openbaring oor die Onbeperkte, die Onbeperkbare. God is nie anders as dit wat ons lees in die Bybel nie, maar God is soveel meer as wat die Bybel verwoord. Ons kan nie alles oor God weet nie, al weet ons alles wat ons nodig het om die ewige lewe te kan ingaan. Dit is teen die agtergrond dat ons nadere ondersoek gaan doen na die stelling dat God Skepper is van hemel en aarde, van alle sienlike en onsienlike dinge.

Die Apostolicum definieer Vader Almagtig deur te stel dat die Vader die **Skepper** van hemel en aarde is "**Creatorem caeli et terrae**". Die Niceense belydenis praat van God as die **Maker** (Latyn: **factorem coeli et terrae, visibilium omnium et invisibilium**, Grieks: **ποίητήν οὐρανοῦ καὶ γῆς ὁρατῶν τε πάντων καὶ ἀοράτων**.) Hierdie verskil in verwysing na God se aktiwiteit en identiteit moet net eers aangespreek word.

Die opstellers van die Niceense belydenis was in 325 deeglik bewus van die Apostoliese geloofsbelydenis en het doelbewus gekies vir die Griekse woord wat met "Maker" vertaal word. Die rede

vir die keuse (**ποίητήν**) kan terug gevind word in die Griekse denkwêreld, maar veral in die Septuaginta.

Die Septuaginta as Griekse vertaling van die Ou Testament was 'n produk van die Jode in die Diaspora (verstrooi oor die antieke wêreld). Daar was Jode wat nie Hebreeus kon lees of verstaan nie, maar Grieks geken het. Die Septuaginta was die Bybelteks waarmee hierdie mense gewerk het. Dieselfde geld veral die Christene wat nie 'n Joodse agtergrond gehad het nie. Hulle het net die Septuaginta geken. Ons lees in Paulus se brief aan Timoteus dat die hele Skrif (OT) deur God geasem is. Dit is ook duidelik uit Ou Testament aanhalings wat ons in die Nuwe Testament terugvind dat die Hebreeuse teks en die Griekse teks van die Ou Testament as gesagvol aanvaar is. Anders gestel, vir die Griekse Christene was die Septuaginta dié teks van die Ou Testament. Die byeenkoms te Nicea was deur tussen 250 en 318 biskoppe bygewoon. 1000 Grieks- en 800 Latynsprekende/ Roomse biskoppe was aanvanklik uitgenooi. Die Griekse teenwoordigheid was oorweldigend en daar word gespekuleer dat slegs 1- 5 Roomse biskoppe teenwoordig was. Met die Septuaginta as voorkeurtteks het die afgevaardigdes gekies om terminologie reeds in die Bybel te gebruik in die opstel van hulle belydenis.

Die Griekse teks van Genesis 1:1 lees: **Ἐν ἀρχῇ ἐποίησεν ὁ θεὸς τὸν οὐρανὸν καὶ τὴν γῆν.**



Die Hebreeuse (Masoritiese) teks lees:
 בראשית ברא אלֵהִים אֶת הַשָּׁמַיִם וְאֶת הָאָרֶץ

Die verskil tussen die Apostolicum en Nicea het met ander woorde te make met 'n ander woord wat in die teks gebruik word. Dit bring ons by 'n tweede punt en dit is die vraag na die verskil in betekenis tussen "Maker" en "Skepper". Nou moet ons die gebruik van *ποιέω* in die Griekse denke ondersoek en nie poog om vanuit Afrikaans dit te verstaan nie..

Die eerste konteks waarin die woord *ποιέω* gebruik word, is om God se skeppingswerk en aksies en handeling met die mens te beskryf. In die Griekse denke was *ποιέω* gebruik om enige skeppende werk van gode te beskryf. Daarmee saam is dit gebruik om na gode se aktiwiteite te verwys. In die Septuaginta word *ποιέω* meer as 3200 maal gebruik met verwysing na God se handeling. In die Nuwe Testament word as vanselfsprekend aanvaar dat God die Skepper is, maar *ποιέω* word min gebruik. Die Nuwe Testament gebruik *Κτιστής* wat vertaal kan word met "oorsprong, maker, skepper". Die Vulgaat (Latyn vertaling) gebruik hier verbuigings van *creaturae*, die woord wat ons in die Apostoliese belydenis terugvind.

Ons kan daarom met gemak tot die gevolgtrekking kom dat *ποιέω* en *creatio* dieselfde betekenis gehad het en dat geen betekenisverskil afgelei kan word in die verskil in woordgebruik in die twee belydenisse nie. Ons kan in ons huidige konteks die woord "skep" gebruik met verwysing na beide tekste.

Wat beteken dit dat God geskep het? God het uit "niks" geskep. '*Creatio ex nihilo*'

beteken dat daar nie materiaal was wat deur God omvorm is nie. God het nie die materiaal in die heelal geneem en iets daarvan gemaak nie. Daar was NIKS, God het gesê, en daar was iets. Daar was nie een of ander chaotiese mag wat deur God getem is nie. Dit beteken dat die hele skepping aan die Skepper behoort, sonder die Skepper sou daar geen skepping kon wees nie.

Die geloofsbelijdenisse wil primêr iets oor God stel – Hy is Skepper. Die *Credo/Credimus* verwys na Skepper, nie na skepping nie. Ons glo in die Skepper, nie die skepping nie.

Die skepping is beperk, met 'n duidelike oorsprong – 'in die begin'. God as Skepper se vryheid moet erken word. God is en was vry, Hy kon skep, Hy hoef nie te geskep het nie, meer nog, Hy sou nie minder God gewees het; indien Hy nie geskep het nie. Skepping vertel van die begin van die verhouding tussen Skepper en skepping, Skepper en skepsel. Selfs na die einde van die skepping, nadat alles tot die niet gegaan het, sal God Godself bly. God ontvang nie identiteit van die skepping nie, deur die skepping gee God identiteit aan Sy werke. God bly God, wat ookal met die skepping gebeur. Die son straal hitte uit en dit gee hitte. So is die skepping nie. Die skepping is met ander woorde nie 'n uitstraling van God nie. God straal nie van sy wese uit en dit word dan die skepping nie.

Die skepping is ook nie God en God die skepping nie, soos van die Oosterse gelowe sou wou beweer. Die skeppingsleer verwerp die panteïsme. Die skepping is deur God se keuse en wil 'n werklikheid

buite God. Dit sal ons deug om die afstand tussen ons en God in gedagte te hou. Tog is dit binne die ruimte van die verbond, binne die ruimte van God se genade dat ons God as Skepper leer ken. Die NGB stel in Artikel 2: *Ons ken Hom deur twee middele: Ten eerste deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Dit is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik Sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien, soos die apostel Paulus sê (Rom. 1:20). Al die dinge is genoegsaam om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontnem. Ten tweede maak Hy Hom deur Sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend, en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot Sy eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort.* Die Bybel is die bron waaruit ons God as Skepper leer ken en die Bybel vertel die geskiedenis van Sy verbond en genade.

Al is God en skepping verwyder van mekaar, is God ook teenwoordig in Sy skepping. Hy het nie die skepping daar gestel en toe versak nie. Anders as wat die deïsme dink, is God onderhouer wat as Verlosser betrokke is by die kroon van die skepping; naamlik die mens. God laat nie die werke van Sy hande vaar nie. (Hebreërs 1:3 en Matteus 6:26vv.) Sommige teoloë verwys na die onderhouding van die skepping as *creatio continua* – die voortgesette skepping. Watter term ons ook al gebruik, God is steeds betrokke by die skepping. God kan sonder die wêreld bestaan, maar die wêreld kan nie sonder God bestaan nie.

Die totaliteit van ons werklikheid word ingesluit deur die woord 'skepping'. Hemel en aarde is deur God geskep. Dit sluit in

die wye kosmos wat in ligjare gemeet word. (Ligjaar verwys na die afstand wat lig in 'n jaar beweeg, dit wil sê 9461 000 000 000 kilometer is een ligjaar) Dit sluit in die meganismes wat ons in die natuur terugvind en 'natuurwette' noem. Dit sluit in die atoom, die elektron, die kleinste deeltjie wat ons nie kan sien nie en dalk nie eens van weet nie.

Die Niceense belydenis het 'n byvoeging; daar word verwys na sienlike en onsienlike dinge. Die woord 'skepping' beskryf met ander woorde ook die oorsprong van kragte, magte, engele, hemel en alles wat ons kan sien en nie kan sien nie. Al verskil die materiële van die geestelike en onsienlike, het hulle dit as gemene deler dat hulle geskep is. Dit is belangrik om te onthou dat die Niceense belydenis antwoorde moes gee op die vrae wat sekere ketterse denkrigtings geopper het. Dit was veral in die kerk se stryd met Arius, maar ook die opkoms van die gnostiek wat sekere formulerings nodig gemaak het. Die gnostiek het gedink (en Arius het hierby aansluiting gevind) dat daar twee skeppers was. Die een was die demiurg¹ – die god van die Ou Testament, en hy het die materiële wêreld geskep. Aan die ander kant was daar die Skepper, die God van die Nuwe Testament, wat die

WAT: ¹ a Volgens die leer van sommige Gnostici, en ook volgens Plato, intelligensie wat die oorspronklike chaos tot kosmos omskep; opperboumeester van die heelal, wêreldskepper, wêreldbouer.

b Middelaar tussen die onveranderlike, onverganklike godheid en die laer sferes, soms ook vereenselwig met Jehova van die Ou Testament: Volgens die Gnostici is die demiurg nie God nie, maar een van die Eone wat die wêreld en een van die twee siele van die mens — die sinlike — geskep het uit die stof wat van die begin af naas God bestaan het.

nie alles nie. Wat eens gesien is as onnodige restante van evolusie (stuitjie – stert, blindederm) word nou verstaan as belangrike liggaamsdele. Selfs toe die DNS van die mens gekarteer is, was daar mense wat sekere dele van die DNS as oorbodige rommel beskryf het. Die nuutste navorsing dui daarop dat daar programme (opdragte) vir proteïene in hierdie DNS opgesluit is wat noodsaaklik is vir lewe om te kan bestaan.

Ingenieurs het bewyse gevind van onvereenvoudigbare kompleksiteit (*irreducible complexity*).

Daar is baie voorbeelde van sodanige komplekse eenhede:

<http://www.ideacenter.org/contentmgr/showdetails.php/id/840>.

Daar is navorsers wat verkies om te praat van 'n (IO) Intelligente ontwerp/er (ID – *intelligent design*). Sommige van die navorsers is Deïste, ander is Christene. Sommige Christene glo God het evolusie gebruik om te skep, ander hou voet by stuk by die ses dag skepping. Selfs hier is daar debat. Verwys die ses dae na 24-uur eenhede, of moet ons dit as 'n era (in die dae van Noag) of as metafories (een dag is vir God soos duisend jaar) verstaan? Dit is nie nou moontlik om die debat volledig te voer nie. Wat wel gedoen kan word, is om lesers 'n breë agtergrond te gee sodat elkeen self kan gaan lees.

<https://www.youtube.com/watch?v=6xdImyKLI58> Jackson oor lig

<https://www.youtube.com/watch?v=mooHSXTR2RE> Humphriys en oerknal-idee

<https://www.youtube.com/watch?v=nuMvRExazAw&e=ANyPxKo7Hav-e44uZxM3JeWtdKI0Iq0jPO1bz80vNIHW->

[hbSKCddt-BqBwjz4FfP624-Uf0LhgvdZesXg8RdSUDtUDGPF7p9w](http://www.idealibrary.com/ideacenter.org/contentmgr/showdetails.php/id/840)

Kanse vir lewe –

Daar is natuurlik een teologiese saak wat 'n besondere uitdaging is vir diegene wat as Christene glo dat evolusie (in makro Darwinistiese sin) wel plaasgevind het. Die verhaal van die sondeval is nie net 'n toevallige deel van die Bybel nie. Die mens se opstandigheid het op die ou einde die koms van die Messias genoodsaak. Daarmee saam leer ons in Genesis dat deur die sondeval die dood in die skepping ingekom het. Daarteenoor leer Darwin se teorie ons dat dood op dood gevolg het en dat elke nuwe geslag dan beter en meer mens was. Darwin se teorie is gebou op die dood van baie diere, wesens en menslike “voorsate”. Indien dit waar is, op watter stadium het die dood se betekenis verander? Op watter stadium (tussen aap en mens...) het die sonde, die sondeval en die nood om 'n Redder ingetree?

In dieselfde gedagtegang, 'n vraag aan al diegene wat oortuig is van mensgemaakte klimaatsverandering: Indien dit God se skepping is en God in beheer is, waar kom die *hubris* vandaan dat mense met oortuiging glo dat mense die klimaat kan verander en beheer?

Daar is nog 'n saak wat ter sprake kom wanneer ons oor die Skepper en die skepping praat. God het die skepping goed geskape, ons lees dit in die Bybel. Waar kom die Satan en die bose vandaan? Die Teodisee vraagstuk vra na die outeur van die kwade, die slegte, die skadukant.

Die geloofsbelydenisse wil nie praat oor die oorsprong van die kwade nie, maar wel vertel van God se antwoord op die bose. Of dit nou 'n engel is wat geval het, en of dit engele was wat verkeerd gekies het, ons sal nie weet nie. Dit is een van die geheimenisse wat omhul is van 'n ondeurdringbare wolk. Inteendeel, ons bely op geen plek in een van die drie Ekumeniese geloofsbelydenisse, iets oor die bose nie. Ons fokus is op God.

Ons moet nie so arrogant wees om te dink dat ons alle kennis in pag het en daarom God kan begin ondervra nie. Is dit kwaad en wreed indien die leeu die rooibok plattrek en vreet? In hierdie skepping waar die klimaat konstant verander, is dit wreed indien diere vrek weens droogte? Is roofdiere en droogte deel van die bose of deel van 'n groter ritme in die skepping wat ons nie kan sien of verstaan nie?

Selfs nadat perspektiewe gegee is, gaan die vrae steeds gestel word. As gelowiges kan ons aandag aan die vrae skenk, maar dit kan nooit ons finale fokus wees nie. Dit kan ook nie ons oortuiging verander nie: God is Skepper en ons bly skepsels.

Nicea

Credimus in unum Deum, Patrem omnipotentem,
factorem coeli et terrae, visibilium omnium et invisibilium,

Apostolicum

Credo in Deum Patrem omnipotentem,
Creatorem caeli et terrae,